JeugPro-lidmaatskap

(Korrek op 2 Junie 2021, soos hersien op 15 Maart 2021)

Bepalings en voorwaardes:

'n JeugPro-lid is enige persoon tussen die ouderdom van 18 (agtien) jaar en 25 (vyf en twintig) jaar, ongeag of die persoon tans studeer, praktiese opleiding doen, of reeds werksaam is. Om vir Solidariteit se JeugPro-lidmaatskap te kwalifiseer, sal die volgende bepalings en voorwaardes van toepassing wees:

1. Indien die kwalifiserende JeugPro-lid direk voor aansluiting as lid, 'n lid van Solidariteit Jeug was, kwalifiseer hy of sy onmiddellik vir telefoniese regsadvies.
2. Solidariteit verskaf telefoniese bystand aan JeugPro-lede ten opsigte van griewe en dissiplinêre verhore in die werkplek.
3. Verteenwoordiging by die KVBA, bedingingsrade en die Arbeidshof, word nie by JeugPro-lidmaatskap ingesluit nie. Verwys na punt 5 vir bepalings en voorwaardes i.t.v. opgradering na volwaardige Solidariteit-lidmaatskap.
4. Indien 'n potensiële lid tussen die ouderdom van 18- en 25-jaar is en by 'n kollektiewe maatskappy werksaam is, sal die JeugPro-lidmaatskap nie van toepassing wees nie, omrede die lid reeds alle voordele geniet wat in die ooreenkoms met die kollektiewe maatskappy vervat is.

5. Indien die JeugPro-lid opgradeer na volwaardige Solidariteit-lidmaatskap, sal die volgende wagperiodes op arbeidsregsverteenwoordiging van toepassing wees:
   5.1. Indien die lid vir langer as 3 (drie) maande 'n JeugPro-lid was, het hy of sy geen wagperiode nie, mits die persoon nie met 'n bestaande probleem na volwaardige Solidariteit-lidmaatskap opgradeer nie.
   5.2. Indien die lid vir minder as 3 (drie) maande 'n JeugPro-lid was, sal die wagperiode van toepassing wees vanaf die dag van aansluiting as JeugPro-lid. Nie-kollektiewe lede het 'n 3 (drie) maande wagperiode en kollektiewe lede het 'n maand wagperiode mits die JeugPro-lid nie met 'n bestaande probleem opgradeer na volwaardige Solidariteit-lidmaatskap nie. Met ander woorde, indien die JeugPro-lid twee maande voor hy of sy na volwaardige Solidariteit-lidmaatskap opgradeer, aansluit as JeugPro-lid, sal die lid 'n maand wagperiode hê.
6. Dit bly elke lid se verantwoordelikheid om toe te sien dat hul lidmaatskapgelde op datum is.
7. Geen JeugPro-lid mag ledegeld vooruit of terugwerkend betaal met die uitsluitlike doel om vir die voordele te kwalifiseer nie.
8. Dieselfde bepalings vir die beëindiging van volwaardige Solidariteit-lidmaatskap is van toepassing indien JeugPro-lede hul lidmaatskap wil beëindig.
9. JeugPro-lidmaatskap is geldig vir 24 (vier en twintig) maande alleenlik en slegs tot en met die ouderdom van 25 (vyf en twintig) jaar.

Solidariteit Hoofkantoor | Solidarity Head Office
T: 012 644 4300 | C: 0861 25 24 23 | E: diens@solidariteit.co.za
H.v. DF Malanrylaan en Eendrachtstaat, Kloofsig | Cnr DF Malan and Eendracht Streets, Kloofsig

10. Indien die JeugPro-lid meer as 2 (twee) jaar praktiese werksondervinding as deel van sy of haar studie moet voltooi, kan die organiseerder of hoof van die bepaalde gilde toestemming verleen dat JeugPro-lidmaatskap vir nog 'n maksimum van 12 maande tot 'n totaal van 36 (ses en dertig) maande verleng mag word. Die gildebestuur se beslissing is finaal, en geen briewewisseling hieroor sal plaasvind nie.
    10.1. Dit is die JeugPro-lid se eie verantwoordelikheid om aansoek te doen om verlenging.
    10.2. 'n Aansoek om verlenging moet reeds 2 (twee) maande voor die verstryking van die 24 (vier en twintig) maand periode by die relevante gilde ingedien word.
11. Solidariteit sal met die JeugPro-lid in verbinding tree om sy of haar lidmaatskap na volwaardige Solidariteit-lidmaatskap op te gradeer voor die vervaldatum van sy of haar JeugPro-lidmaatskap. Dit is die lid se verantwoordelikheid om te verseker dat sy of haar kontakbesonderhede vir hierdie doel op datum bly.
12. Indien Solidariteit die JeugPro-lid probeer kontak het, maar die lid onbeskikbaar was, sal die JeugPro-lid na volwaardige Solidariteit-lidmaatskap omgeskakel word op die tyd soos deur punte 10 en 11 bepaal.
13. Om vir die 20%-korting by Akademia te kwalifiseer, geld die standaard bepalings en voorwaardes vir hierdie voordeel:

13.1. Lede moet reeds 'n volopbetaalde JeugPro-lid wees teen die voorafgaande September van die jaar waarvoor daar vir die studiekorting aansoek gedoen word.

13.2. Tot en met die ouderdom van 21 (een en twintig) jaar, kan die JeugPro-lid vir hierdie studiekorting as deel van sy of haar ouers se Solidariteit-voordele kwalifiseer.

13.3. Lede moet vir die volle tydperk van die akademiese jaar waartydens die studiekorting geld, 'n volopbetaalde lid van Solidariteit bly.

13.4. Dit bly elke lid se verantwoordelikheid om toe te sien dat hul lidmaatskapgelde volopbetaal bly vir die tydsduur wat die studiekorting geld.

13.5. Geen aansoeker of lid mag ledegeld vooruit of terugwerkend betaal met die uitsluitlike doel om vir die studiekorting te kwalifiseer nie.

13.6. Die maksimum studiekorting is 20%, ongeag of die Solidariteit Boufonds of Solidariteit Regsfonds ook ondersteun word.

13.7. Die studiekorting is nie op aansoek-, eksamen-, en boekgelde van toepassing nie.

13.8. Die aansoek om studiekorting moet voor die aanvang van Akademia se akademiese jaar tydens Akademia se aanlyn aansoekproses gedoen word, en geen aansoek wat na aanvang van die akademiese jaar ontvang word, sal oorweeg word nie.

13.9. Die student is nie geregtig op studiekorting in die daaropvolgende jaar vir enige vak waarop daar reeds studiekorting toegestaan was nie.

13.10. Die voorgenome student moet aan die toelatingsvereistes van Akademia voldoen.

13.11. Die studiekorting sal slegs betaalbaar wees vir die maksimum tydperk wat die studieprogram geskeduleer word, d.w.s. indien die studieprogram oor twee jaar strek, mag daar slegs vir twee jaar aansoek vir die studiekorting gedoen word.

13.12. Hierdie voordeel kan sonder enige kennisgewing van jaar tot jaar deur Solidariteit opgeskort of verander word en lede sal geen reg of aanspraak op hierdie studiekorting teenoor Solidariteit hê nie.

13.13. Die volle studiekorting wat toegestaan is, word verbeur en is terugbetaalbaar indien daar nie aan die bepalings hieronder voldoen word nie.

13.13.1. Indien die student sy studies staak.

13.13.2. Indien die student nie die kursus voltooi nie.

13.13.3. Indien die student van studierigting verander.